Precept™

Voorskrif op Voorskrif

AFR20HL

# Esegiël

**Deel 01 van 02 // Julle sal besef dat ek die HERE is (Hoofstuk 1–32)**

Verkry 'n innige kennis van God. Verander jou lewe.

Goeiedag!

Ons is so bly dat jy besluit het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om reg te laat geskied aan jou roeping in Jesus Christus. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil hoor hoe God jou aangeraak het deur die induktiewe studie van sy Woord.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op *Facebook* by *Precept Africa*.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en ***"Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui"*** (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel 2020-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

VOORSKRIF
OP
VOORSKRIF®

# *Esegiël*

DEEL 1

## DAN SAL JULLE BESEF DAT EK DIE HERE IS

(HOOFSTUK 1–32)

This is a special Precept edition.
This work is a translation from the original Precept Upon Precept study,

EZEKIEL PART 1

THEN YOU WILL KNOW THAT I AM THE LORD
(CHAPTERS 1–32)
© 2012 Precept Ministries International.

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

Hierdie is ’n spesiale Precept-uitgawe, oorspronklik in Engels gepubliseer.

ESEGIËL DEEL 1

DAN SAL JULLE BESEF DAT EK DIE HERE IS
(HOOFSTUK 1–32)

1ste uitgawe © 2024 Precept South Africa

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International: The Inductive Bible Study People, die Plumb Bob-ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God’s Word en Transform Student Ministries is handelsmerke van Precept Ministries International.

ALLE REGTE VOORBEHOU
Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming.

Tensy anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling: Hoofletteruitgawe (AFR20HL).
Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

PRECEPT SOUTH AFRICA
Ringwoodrylaan 187 | Pinelands | 7405 | Suid-Afrika
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (0)21 531-1836

Gedruk in Suid-Afrika
Maart 2024

Precept
SOUTH AFRICA

# INHOUD


| BLADSY | LES |
|---|---|
| 1 | LES EEN: Esegiël 1–3 |
| 11 | LES TWEE: Esegiël 4–7 |
| 21 | LES DRIE: Esegiël 8–11 |
| 39 | LES VIER: Esegiël 12–14 |
| 51 | LES VYF: Esegiël 15–16 |
| 63 | LES SES: Esegiël 17–19 |
| 69 | LES SEWE: Esegiël 20–21 |
| 77 | LES AGT: Esegiël 22–24 |
| 87 | LES NEGE: Esegiël 25–28 |
| 97 | LES TIEN: Esegiël 29–32 |
| | BYLAAG |
| 111 | Esegiël-waarnemingwerkblaaie |
| 241 | Esegiël-oorsigwerkblad |
| 244 | Die heersers en profete in die tyd van Esegiël |
| 245 | Julle sal besef dat Ek die HERE is |
| 249 | Kaart van Israel en die nasies |
| 250 | Hoe om 'n hoofstukstudie te doen |
| 252 | Oor Precept |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
The New How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2010*

The New Inductive Study Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000*

Hebreeuse woordstudiehulpmiddels

HARRIS, R. LAIRD; ARCHER, GLEASON L. JR.; WALTKE, BRUCE K.
Theological Wordbook of the Old Testament
*Chicago, Illinois: Moody Press, 1980*

RICHARDS, LAWRENCE O.
Expository Dictionary of Bible Words
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1985*

## AANBEVOLE KOMMENTARE

GAEBELEIN, FRANK E.
The Expositor's Bible Commentary, Volume 6 , Isaiah, Jeremiah, Lamentations, Ezekiel
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishers, 1990*

WALVOORD, JOHN F., ZUCK, ROY B., EDS.
The Bible Knowledge Commentary: An Exposition of the Scriptures
*Wheaton, Illinois: Victor Books, 1983-c1985*

CARSON, D. A.
The New Bible Commentary
*Downers Grove, Illinois: Inter-Varsity Press, 1994*

KEIL, C. F., DELITZSCH, F.
Commentary on the Old Testament
*Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers, Inc., 2002*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware

Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelwoordeboeke, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept South Africa*
*Ringwoodrylaan 187,*
*Pinelands, 7405, Suid-Afrika*



# LES EEN
# Hoofstuk een tot drie

WAT HIERDIE LES INSLUIT

In die Bylaag:
- Waarnemingwerkblaaie van Esegiël 1–3
- Esegiël-oorsigwerkblad
- Die heersers en profete in die tyd van Esegiël
- Kaart van Israel en die nasies

Kruisverwysings
Woordstudie

**’n Persoonlike nota vanuit Jerusalem**

**Jerusalem is stil. Die stad het tot rus gekom. Dit is die Sabbat.**

**Waar ek op die Inbal Hotel se balkon by my rekenaar sit en uitkyk op die mure van die mure van ou Jerusalem, kan ek nie anders nie as om te wonder hoe lank dit gaan duur voordat die volke waarvan Esegiël 38 praat teen Israel gaan optrek.**

**Of dit binnekort gaan wees of nie, God sê deur sy profeet Amos: “Ja, my Heer, die HERE, doen niks nie, tensy Hy sy vertroulike besluit openbaar aan sy diensknegte, die profete” (Amos 3:7). Jy wil natuurlik self weet wat die toekoms inhou.**

## DAG EEN

Die begin van Esegiël is vol drama. Vir Esegiël en vir ons. Dit gaan baie noukeurige waarneming verg, maar ons gaan dit nie binne ’n dag probeer doen nie. Jy kan ontspan en die Gees van God vertrou om sy waarheid voorskrif vir voorskrif te onthul. Onthou, wanneer jy God se boek oopmaak, is dit altyd goed om met Hom te praat en Hom te vra om die oë van jou oë van jou hart deur sy Gees te verlig. Hy is die skrywer en sy Seun het gebid dat die waarheid, sy Woord, jou sal heilig – afsonder of heilig maak (Johannes 17:14–17).

1. Neem Esegiël 1 waar. Die Waarnemingwerkblad is in hierdie werkboek se Bylaag.

© 2024 Precept South Africa

Wanneer jy die teks lees, let veral op die tydsaanduidings, want dit speel 'n strategiese rol in die boek se uitleg. Merk elk van die volgende met sy eie kleur of op sy eie manier:

a. elke verwysing na *Esegiël*, sinonieme en voornaamwoorde inkluis, sodat jy al die verwysings vinnig kan kry as jy dit soek.
b. verwysings na tyd. Party van ons gebruik 'n groen sirkel.
c. geografiese verwysings. Ons dubbelonderstreep dit gewoonlik met groen. Terwyl jy dit doen, maak seker dat jy verwysings na *die koepel* merk.
d. *visioene/verskyning*
e. *die woord van die Here het gekom /het die woord van die Here ... gekom*
f. *wesens/gestalte* – Jy gaan hulle weer in Esegiël teëkom. Aangesien daar in hierdie hoofstuk so baie verwysings na hulle is, moet jy hulle dalk met 'n sterk, onderskeidende kleur merk. Dit sal die teks makliker maak om te lees.
g. *wiel/wiele*
h. *troon*
i. verwysings na die gestalte met die voorkoms van 'n mens, voornaamwoorde inkluis, wat in vers 26 begin.
j. *die verskyning van die heerlikheid van die Here* of *die heerlikheid van die Here*. *Die heerlikheid van die Here* is 'n sleutelfrase in Esegiël, kies dus 'n sterk kleur en unieke manier om dit te merk. Party van ons trek 'n pers wolkie daarom en kleur dit geel in.
k. *die gees*

2. Jy sal dit nuttig vind om 'n **Sleutelwoordboekmerk** te maak. Lys die woorde hierbo op 'n groot indekskaart of vel papier, en merk dit dan op dieselfde manier as op jou Waarnemingwerkblad. Dit sal jou help met die waarneming van Esegiël. Terloops, op jou werkboek se agterflap is 'n boekmerk met 'n lys voorgestelde simbole vir algemene woorde in die Bybel.

3. Som nou elke paragraaf hieronder of in die kantlyn van jou Waarnemingwerkblad op. 'n Vetgedrukte versnommer dui die begin van 'n paragraaf aan.

   a. 1:1–3


© 2024 Precept South Africa

b. 1:4–14

c. 1:15–21

d. 1:22–25

e. 1:26–28

4. Waar was Esegiël? Soek die ligging op die Kaart van Israel en die nasies in die Bylaag.

5. Dink na oor wat jy waargeneem het. Het enigiets jou nuuskierigheid geprikkel? Jou laat wonder? Vrae laat ontstaan? Skryf dit neer. Môre sal ons dieper delf.

## DAG TWEE

1. Jou taak vir vandag is om Esegiël se visioen beter te leer verstaan. Lees die hele nommer 1 (van "a" tot "e") voor jy begin. Môre sal ons Esegiël en die tydsbepaling van sy visioen bekyk.

   a. Gaan terug na elke ligging waar jy die wesens gemerk het en lys wat die teks oor hulle sê.

b. Wat leer jy oor die wiele?

c. Wat leer jy oor die troon?

d. Wat sê die teks oor die gestalte met die voorkoms van 'n mens?


© 2024 Precept South Africa

e. Wat kom jy agter deur "die verskyning van die heerlikheid van die HERE" (1:28) te merk?

2. Is jy reg vir 'n uitdaging? Skets die wesens met die wiele – maak 'n diagram daarvan – so goed as wat jy kan en plaas dit in verhouding tot die koepel en die troon. Dit hoef nie 'n kunswerk te wees nie – min mense kan mooi teken. Ons is egter oortuig dat jy persoonlik hierby sal baat en dat dit nuttig sal wees aangesien jy hierdie wesens meer as een keer gaan raakloop! Doen dit op 'n aparte vel papier, sodat jy later in die studie daarna kan verwys.

*Dankie dat jy saamwerk. Ons is trots op jou. As jy ons kursus oor Openbaring gedoen het, weet jy hoe waardevol sulke sketse is, selfs al is dit net rofweg geteken. Baie mense kla aanvanklik steen en been, maar op die ou end is hulle bly dat hulle dit gedoen het. Dit help om 'n visuele voorstelling te hê van dit wat jy gelees het – die visioen!*

3. Waaroor dink jy handel Esegiël 1? Wat is die tema, die hoofonderwerp? Teken dit onder hoofstuk 1 op die Esegiël-oorsigwerkblad in die Bylaag aan.

*Dankie, geliefde van God, dat jy die Woord saam met ons bestudeer. Ons grootste motivering is om jou te help om self die waarheid te ontdek, dieper te delf saam met ander en om dissipels te maak. Dit is 'n opoffering wat deur en deur die moeite werd is. Jy sal nooit spyt wees daaroor nie.*

## DAG DRIE

1. Noudat jy die dele van Esegiël se visioen in hoofstuk 1 beter verstaan, kan ons kyk wat ons nog kan uitvind oor die visioen – sake soos tydsbepaling en plek – en die een aan wie dit gegee is. Kyk na jou waarneming van Esegiël 1 en beantwoord so veel as moontlik van die 5 W- en H-vrae (wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe) op grond van die teks.

© 2024 Precept South Africa

2. As Esegiël 'n priester was, wat het hy in Babilonië, die land van die Galdeërs gedoen? Het jy die verwysing na Jojagin se ballingskap gesien?

   a. Lees 2 Konings 23:28–25:12 en volg die gebeure op Die heersers en profete in die tyd van Esegiël in die Bylaag. Lys die hoofgebeure van Jojagin se ballingskap.

   b. Waarom is Esegiël in Babilonië, die land van die Galdeërs?

3. Kom ons ondersoek die twee verskillende verwysings na tyd in Esegiël 1:1–2.


   a. Ons begin by die maklikste een. Kyk na Die heersers en profete in die tyd van Esegiël in die Bylaag. Wanneer is die vyfde jaar van Jojagin se ballingskap? Onthou, die jare v.C. is terugwerkend.

   b. Waarna verwys "die dertigste jaar … het die woord van die HERE duidelik tot die priester Esegiël … gekom?" Kommentare se menings hieroor verskil. God wil uiteraard 'n punt maak hierdeur. Soek Numeri 3:5–12 en 4:1–4 op. Op watter ouderdom het mans volgens hierdie verse met hul diens in die Tent van Ontmoeting begin? Gee dit jou enige moontlike insig?

 © 2024 Precept South Africa

4. Alhoewel Esegiël waarskynlik nie in Salomo se tempel gedien het nie, sluit Esegiël sy boek af met 'n beskrywing van 'n ander tempel wat nog gaan kom. Watter voorreg het hy gehad om te profeteer oor wat in die Messias se tyd in die tempel sou gebeur! Terwyl jy hieroor nadink, dink ook na oor die les wat dit moonlik vir ons inhou – enige toepassing oor hoe ons teleurstellings? kan hanteer? Loopbaanveranderings?

## DAG VIER

1. Neem Esegiël 2:1–3:11 waar. Daar is etlike woorde wat jy by jou lys sleutelwoorde moet voeg terwyl jy dit doen:
   a. *'n Gees* (wanneer dit na God se Gees verwys)
   b. *rebelse, in opstand gekom*. As jy nie weet hoe om dit te merk nie, wat van 'n blou pyl wat afwaarts wys? Blou vir Israel!
   c. *luister*. Party van ons teken 'n groen oor soos die een op die boekmerk agterop jou werkboek. Wanneer ons *verseg om te luister / wil nie luister nie* sien, trek ons dan 'n skuinsstreep daardeur, soos volg: 
   d. *treurliedere*
   e. *weeklagte*. Jy kan dit só in rooi merk en met bruin inkleur: .

2. Op grond van jou waarnemings wat afgehandel is, hoe sou jy die hoofstuk se tema beskryf? Teken dit op die **Esegiël-oorsigwerkblad** aan.

3. Som nou elke paragraaf hieronder of in die kantlyn van jou Waarnemingwerkblad op.
   a. 2:1–7
   b. 2:8–10
   c. 3:1–3

d. 3:4–11

4. Wat is die verband tussen hoofstuk 2 en 3? Verduidelik jou antwoord.

5. Stop eers en dink na oor Esegiël se roeping.

   a. Wat sê God eintlik vir Esegiël? Lys die hoofpunte wat jy waargeneem het.

   b. Slaan na wat Esegiël se naam beteken. Hoe sluit dit aan by die versekering wat God in Esegiël 3:8–9 vir hom gee teen die agtergrond van die mense onder wie hy werk as 'n mens hulle beskrywings in ag neem: koppig en hardnekkig – letterlik "stroewe gesigte en harde harte" (Esegiël 2:4) en "hardkoppig en hard van hart" (Esegiël 3:7)?

   c. Stel jou voor – sê nou dit was jy? Is ons, Jesus se volgelinge, nie veronderstel om met mense te praat nie? Lees 2 Timoteus 4:1–5. Skryf neer wat hierdie verse sê jy moet doen.

d. Hoe getrou deel jy God se waarheid met ander?

 © 2024 Precept South Africa

## DAG VYF

1. Voltooi jou waarneming van Esegiël 3. Terwyl jy dit doen,

   a. merk en voeg die volgende by jou boekmerk

      1) *goddelose/goddeloosheid*

      2) *sonde/sondeskuld/onreg*

      3) *sterf*

      4) *regverdige*

   b. wil jy dalk *Israel, huis van Israel* ook byvoeg.

   c. sal jy in hierdie hoofstuk ’n paar herhalende sleutelwoorde raaksien wat jy gerus kan merk, sonder om dit op jou Sleutelwoordboekmerk by te voeg.

   d. onthou om verwysings na tyd en geografiese plekke te merk.

   e. moenie die teenstellings en Esegiël se verantwoordelikheid miskyk nie.

2. Teken die temas van die paragrawe in Esegiël 3:12–27 hieronder of op jou Waarnemingwerkblad aan. Skryf dan die hoofstuk se tema op die Esegiël-oorsigwerkblad neer.

   a. 3:12–15

   b. 3:16–21

   c. 3:22–27

3. Wat het jy oor Esegiël se pligte as ’n wag vir Israel uitgevind? Som dit hier op.


© 2024 Precept South Africa


4. Kan God se opdrag aan Esegiël om ’n wag te wees ook op sy ander volgelinge toegepas word? Lees Handelinge 20:16–27 en vra die 5 W- en H-vrae. Skryf dan neer wat jy dink en motiveer dit.

5. Raadpleeg gerus jou kommentare, maar mag ons jou vra om nie verder as hul kommentaar oor hoofstuk 3 te lees nie? Netnou ontneem jy jouself van die vreugde om self die waarheid te ontdek.


*Geliefde, ons is goed op dreef. Ja, Esegiël se inhoud is gewigtig, maar God het dit by sy heilige boek ingesluit, dus moet ons dit bestudeer, ken en daarvolgens lewe. Indien jy getrou is en deurdruk, sal jy die tyd waarin ons lewe baie beter verstaan en weet wat op die horison vir ons wag wat ons tot by die Here se wederkoms sal lei. Ons bid vir jou en verheug ons oor jou. Dankie.*


© 2024 Precept South Africa


OOSPOORT
BUITENSTE VOORHOF
BINNESTE VOORHOF
POORT AAN DIE NOORDEKANT
BRONS-ALTAAR
DREMPEL
Berg oos van die stad
Kidrondal
Skaappoort
Poort vir die Monstering
Oospoort
Perdepoort
Tempel
Altaar
Tempelheuwel
Ofel
Fontein van Gihon
Dalpoort
Siloam-waterleiding
Hiskia se tonnel
Waterpoort (Fonteinpoort)
Ashooppoort
(Sion)
Suidoostelike Heuwel
SENTRALE VALLEI
Bad van Siloam
Onderste dam
Vispoort
Noordwestelike heuwel
Efraimspoort
Hoekpoort
MARKDISTRIK
Dalpoort
N
150 tree


ALLERHEILIGSTE
Verbondsark
Wierookaltaar
SYKAMERS
HEILIGDOM
Vertoonbrode
Menoras
(Kandelare)
Drumpel
PORTAAL
Bronsstaanders met bronswaskomme
BINNESTE VOORHOF
BUITENSTE VOORHOF
BRONSALTAAR
POORT NA DIE ALTAAR?
POORT AAN DIE NOORDEKANT?

# ESEGIËL 29–32 SE TYDSBEPALING
## GEBASEER OP JOJAGIN SE BALLINGSKAP




© 2024 Precept South Africa 

## GOD SE BOODSKAPPE OOR EGIPTE EN HULLE TYDSBEPALINGS

| | |
|---|---|
| **29:1 TYDSBEPALING** | ______ **JAAR** ______ **MAAND** ______ **DAG** |
| 29:1–7 | |
| 29:8–12 | |
| 29:13–16 | |
| **29:17 TYDSBEPALING** | ______ **JAAR** ______ **MAAND** ______ **DAG** |
| 29:17–20 | |
| 29:21 | |
| 30:1–5 | |
| 30:6–9 | |
| 30:10–12 | |
| 30:13–19 | |
| **30:20 TYDSBEPALING** | ______ **JAAR** ______ **MAAND** ______ **DAG** |
| 30:20–26 | |
| **31:1 TYDSBEPALING** | ______ **JAAR** ______ **MAAND** ______ **DAG** |
| 31:1–9 | |
| 31:10–14 | |
| 31:15–17 | |
| 31:18 | |

© 2024 Precept South Africa

## GOD SE BOODSKAPPE OOR EGIPTE EN HULLE TYDSBEPALINGS

| | |
|---|---|
| **32:1 TYDSBEPALING** | ________ **JAAR** ________ **MAAND** ________ **DAG** |
| 32:1–2 | |
| 32:3–10 | |
| 32:11–16 | |
| **32:17 TYDSBEPALING** | ________ **JAAR** ________ **MAAND** ________ **DAG** |
| 32:17–21 | |
| 32:22–23 | |
| 32:24–25 | |
| 32:26–28 | |
| 32:29 | |
| 32:30 | |
| 32:31–32 | |


© 2024 Precept South Africa

# BYLAAG

# ESEGIËL 1

## Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema ____________________________________________

In die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde dag van die maand, was ek tussen die ballinge langs die Kebarrivier. Die hemel het toe oopgegaan, en ek het visioene van God gesien.

2 Op die vyfde van die maand, dit was die vyfde jaar van die ballingskap van koning Jojagin,

3 het die woord van die Here duidelik tot die priester Esegiël, seun van Busi, gekom in die land van die Galdeërs aan die Kebarrivier. Die hand van die Here was daar op hom.

**4** Ek het gesien, kyk, 'n stormwind kom uit die noorde, 'n groot wolkmassa met 'n vuur van weerligstrale wat aanhoudend blits, en 'n helder gloed rondom die wolkmassa. Daarin, in die vuur, was daar iets wat soos witgoud skitter.

5 Binne-in die vuur was daar die gestalte van vier wesens. Dit is hoe hulle gelyk het: Hulle het die gestalte van mense gehad,

6 maar elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad.

7 Hulle bene was reguit; hulle hoewe was soos kalfshoewe en het soos gepoleerde brons geskitter.

8 Daar was mensehande onder hulle vlerke aan vier kante.
Wat die gesigte en vlerke van al vier betref:

9 Hulle vlerke het aan mekaar geraak. Hulle het nie afgedraai wanneer hulle beweeg het nie; elkeen het reguit vorentoe beweeg.

10 Wat die voorkoms van hulle gesigte betref: Elkeen van die vier het die gesig van 'n mens gehad, die gesig van 'n leeu aan die regterkant, die gesig van 'n bul aan die linkerkant, en die gesig van 'n arend.

11 So was hulle gesigte. Hulle vlerke was oopgesprei na bo, elkeen met twee vlerke wat aan dié van die ander raak, en twee vlerke wat die liggaam bedek.

© 2024 Precept South Africa

12 Elkeen het reguit vorentoe beweeg. Waarheen die gees wou gaan, het hulle ook gegaan, sonder om af te draai wanneer hulle beweeg.
13 Wat die vorm van die wesens betref: Hulle het gelyk soos gloeiende kole vuur wat brand, hulle het gelyk soos fakkels. Die vuur het heen en weer beweeg tussen die wesens. Die vuur het 'n helder gloed gehad, en uit die vuur het weerligstrale geflits.
14 Die wesens het so heen en weer beweeg dat dit gelyk het soos weerligstrale.

**15** Toe ek die wesens bekyk, sowaar, toe is daar aan die voorkant langs elk van die vier wesens 'n wiel op die grond.
16 Wat die voorkoms en bou van die wiele betref: Dit het soos chrisoliet geskitter en al vier het een en dieselfde vorm gehad. Dit het gelyk of hulle gemaak was van 'n wiel binne 'n wiel.
17 Wanneer hulle beweeg het, kon hulle in vier rigtings beweeg, sonder om af te draai wanneer hulle beweeg het.
18 En hulle vellings, dié was hoog en angswekkend; al vier hulle vellings was reg rondom vol oë.
19 Wanneer die wesens beweeg, het die wiele langs hulle beweeg, en wanneer die wesens van die grond af opstyg, het die wiele saam opgestyg.
20 Waarheen die gees wou gaan, het die wesens ook gegaan. Die wiele het saam met die wesens opgestyg, want die gees van die wesens was in die wiele.
21 Wanneer die wesens beweeg, beweeg die wiele, en wanneer die wesens staan, staan hulle. Wanneer die wesens van die grond af opstyg, styg die wiele saam met hulle op; ja, die gees van die wesens was in die wiele.

**22** Bokant die koppe van die wesens was daar, in die vorm van 'n koepel, iets wat geskitter het soos kristal – angswekkend, gespan bo-oor hulle koppe.
23 Onder die koepel was hulle vlerke reguit na mekaar uitgestrek. Elkeen het twee vlerke gehad waarmee hulle hulle liggame bedek het.


© 2024 Precept South Africa

24 Ek het die geluid van hulle vlerke gehoor. Wanneer hulle beweeg, was dit
soos die geluid van baie water, soos die stem van die Almagtige, die geluid
van 'n mensemassa, soos die geluid van 'n leërmag. Wanneer hulle stilstaan,
het hulle hulle vlerke laat sak.
25 Daar was 'n geluid bokant die koepel wat oor die koppe van die wesens
uitgestrek het. Wanneer die wesens gaan staan het, het hulle hulle vlerke
laat sak.

**26** Bokant die koepel wat bo hulle koppe was, was daar iets wat soos
lasuursteen lyk, in die vorm van 'n troon; en daarbo, op wat soos 'n troon
lyk – daarop was 'n gestalte met die voorkoms van 'n mens.
27 Ek sien toe Hy is skitterend soos witgoud, byna soos vuur vasgevang in 'n
omhulsel, vanaf wat na sy heupe gelyk het boontoe. En vanaf wat na sy
heupe gelyk het ondertoe, het ek gesien dit lyk soos vuur, omring deur 'n
helder gloed.
28 Die helder gloed rondom het gelyk soos 'n reënboog wat in die wolke
verskyn op 'n reëndag. Dit is hoe die verskyning van die heerlikheid van
die HERE gelyk het. Toe ek dit sien, het ek neergeval met my gesig teen die
grond. Daarna het ek 'n stem hoor praat.

© 2023 Precept South Africa

ESEGIËL-OORSIGWERKBLAD

**Boektema:** ______

Skrywer:

Datum:

Doel:

Sleutelwoorde:

Segmentindelings


| | | Datums | Hoofstuktemas |
|---|---|---|---|
| | | | 1 |
| | | | 2 |
| | | | 3 |
| | | | 4 |
| | | | 5 |
| | | | 6 |
| | | | 7 |
| | | | 8 |
| | | | 9 |
| | | | 10 |
| | | | 11 |
| | | | 12 |
| | | | 13 |
| | | | 14 |
| | | | 15 |
| | | | 16 |

© 2024 Precept South Africa

Segmentindelings

| | | Datums | Hoofstuktemas |
|---|---|---|---|
| | | | 17 |
| | | | 18 |
| | | | 19 |
| | | | 20 |
| | | | 21 |
| | | | 22 |
| | | | 23 |
| | | | 24 |
| | | | 25 |
| | | | 26 |
| | | | 27 |
| | | | 28 |
| | | | 29 |
| | | | 30 |
| | | | 31 |
| | | | 32 |

© 2024 Precept South Africa







© 2024 Precept South Africa

JULLE SAL BESEF DAT EK DIE HERE IS

© 2024 Precept South Africa

# Esegiël Deel 1

*Kaart van Israel en die nasies*



## HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
### KOM ONS BEGIN!

*'n **Hoofstukstudie** help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.*

- **LEES MET 'N DOEL**

Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

- Oor ***wie*** handel hierdie gedeelte?
- ***Wanneer***?
- ***Waar*** was die Woord?
- ***Wie*** is die Woord?
- ***Wat*** het die Woord gedoen?

Elke hoofstuk of vers sal nie al 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die vrae deurgaans in jou gedagtes vra terwyl jy die teks lees.

- **MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES**

*Die merk van sleutelwoorde en -frases en die opstel van lyste help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.*

SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

Byvoorbeeld: ***Woord*** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

- **LYSTE**

Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk oor elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

'n LYS is 'n samestelling van feite oor 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

'n Lys oor die ***Woord*** uit Johannes 1 kan as volg begin:

- *was in die begin, v. 1*
- *was by God, v. 1*
- *was God, v. 1*
- *was in die begin by God, v. 2*


© 2024 Precept South Africa

- **MERK EN EVALUEER**

KONTRASTE — sake wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is.
Om 'n kontras te merk plaas so 'n simbool in die kantlyn by die vers(e): .

Johannes 1:17: "*Want die* ***wet*** *is deur Moses gegee; (maar) die* ***genade*** *en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.*"

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans.*

Johannes 4:2: "*Hoewel Jesus self nie gedoop het nie,* ***maar*** *sy dissipels …*"

VERGELYKINGS — verwys na ooreenstemmende sake in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: . Let op na die woord *soos . . .*

Johannes 1:14: "*… en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid* ***soos*** *dié van die unieke Seun van die Vader …*"

**GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE** — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: .

Let op na woorde soos *daarom, dus, gevolglik, want, omdat, om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: "*Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig,* ***sodat*** *almal deur hom kon glo.*"

UITDRUKKINGS VAN TYD — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, . Let op na woorde soos *toe, daarna, wanneer, totdat, die dag van …, in die sterfjaar van.*

Johannes 1:2: "*Hy was* ***in die begin*** *by God.*"

- **IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS**

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die Waarnemingswerkblaaie wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Die begin van 'n paragraaf word aangedui deur 'n donkergedrukte teksversnommer. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraafsimbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8: ***6*** *Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.*

Johannes getuig van die Lig

*7 Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo.*

*8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.*

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531-1836 te skakel, vind dit aanlyn by shop.precept.org.za of besoek Precept South Africa by Ringwoodrylaan 187, Pinelands, 7405, Suid-Afrika.

© 2024 Precept South Africa

## OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by ʼn verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme en van verskillende plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad – elke dag – deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept ʼn Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

## ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daaroor nagedink het, vra jouself af of daar iets nuuts is vir jou om te glo of te doen. Of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van ʼn volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

As jy ons passie, om mense in God se Woord te vestig, met ons deel nooi ons jou om by ons aan te sluit! Sal jy dit biddend oorweeg om ʼn maandelikse bydrae tot die bediening te maak? Om dit te doen, kan jy die bedrag waarop jy besluit het, elektronies oorbetaal aan precept.org.za/get-involved/support-us, of die bedrag direk oorplaas na ons bankrekening. Stuur ʼn e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

PRECEPT MINISTRIES
Standard Bank, Rondebosch Tak
Rekeningnommer: 078 203 716
Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

## KOOP MET ʼN PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir die ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!


© 2024 Precept South Africa